Tel: 021 554 1290
Faks: 086 591 5147
ngkblouberg@mweb.co.za
www.ngkbloubergstrand.co.za

NG Kerk Bloubergstrand
ABSA Tjek rek nr: 327 014 0539
Takkode: 334409
Snapscan Kode

27 Aug 2017

Eredienste:

08h30: Ds Marietjie Steyn (1 Sam 17) – Doop
10h00: Ds Marietjie Steyn (1 Sam 17) *Kom drink koffie saam met ons na die diens in die kerksaal.*
17h30: Ds Thinus Britz – Nagmaal
19h00: Ds Thinus Britz (Luk 15:11-32) – Nagmaal *Kom drink koffie saam met ons na die diens in die kerksaal.*

DEURKOLLEKTE: 27 Aug 2017 – Nasionale Instituut vir Dowes

Nuwe Intrekkers: Kom sê "hallo" vir ons in die konsistorie na die diens.
Gebedsversoeke: 082 451 3312 – SMS of W*hatsapp*
Ds Thinus: thinus@ngkbloubergstrand.co.za
Ds Marietjie: marietjie@ngkbloubergstrand.co.za
Selgroepe: Pieter Myburgh – pietermyb@gmail.com
Ds Elmarie: elmarie@ngkbloubergstrand.co.za

Musiek in die Kerk bied aan:

Van Bach tot Vandag

15 September 19:00

NG Kerk Bloubergstrand

Toegang: Gratis (Kollekte word opgeneem)

Weer 'n heerlike orrel konsert met Eon Malan en vriende.

Die musiek vir die aand omvat 'n verskeidenheid genres, van klassiek to kontemporêr, met 'n tikkie jazz en rock. Ons voeg instrumente by: 'n trompet en viool, asook ons eie kerk se orkes wat uitmuntende musiek maak, en opwindende sangsoliste. Die goue draad deur die hele program is die Christelike ondertoon. Toegang is gratis, en kollekte sal opgeneem word. Na die tyd kuier ons heerlik saam oor kaas en wyn.

DOOP

Jason & Tanita van Schalkwyk doop hul baba, Haley Mercia (gebore 27 Aug 2016).

Tanita Lee van Schalkwyk word gedoop.

Morné en Janine Janse v Rensburg doop hul kinders, Madison (gebore 6 Jun 2016) en Cayla (gebore 4 Jan 2012).

Baie geluk!

ALBOW GARDENS KINDERKRANS

Ons benodig asb nog vrywilligers om te help met die kinders van Albow Gardens. Dis elke Donderdag middag van 15:00 tot 16:00 by Albow Gardens. Navrae: Madeleen du Toit 076 313 0647.

JONG WERKENDE SELGROEP

Hier in die tweede deel van die jaar is ons bevoorreg om weer 'n nuwe jongwerkende selgroep te begin. As jy dus nuut is by ons of dalk net nog nooit van te vore tyd gehad het om in te skakel nie of as jy sommer nuuskierig is, kom kuier saam met ons! As jy belangstel, kontak vir Marietjie sommer vandag nog by 083 461220 / marietjie@ngkbloubergstrand.co.za

PREEKBEURTE

T – Thinus Britz E – Elmarie Dercksen M – Marietjie Steyn

	08h30	10h00	17h30	19h00	Opmerkings
03/09/2017	HS	E	T	T	Ds Hans Steyn
10/09/2017	M	M	E	E	
17/09/2017	T	T	M	M	Deurkollekte: Kaleidoscope SA (Instituut vir Blindes)
24/09/2017	T	T	E	E	Finalejaarskamp; Erfenisdag
01/10/2017	M	M	T	T	Doop 10:00

NASIONALE INSTITUUT VIR DOWES

Die Nasionale Instituut vir Dowes is in 1881 deur die kerk tot stand gebring om die Dowes se stilte en afgesonderdheid te verbreek deur vir hulle taal aan te leer, die Woord van God te leer, en alles-omvattende dienste te verskaf.

Dowes en persone met erge gehoorverlies se gehoor is in so 'n mate aangetas is dat dit nie as primêre middel van kommunikasie gebruik kan word nie. As sulks moet Dowes enorme kommunikasie-uitdagings en ongelykhede trotseer wanneer hulle dienste en gemeenskapsprosesse, net vir alledaagse prosesse moet bereik.

Vandag, 135 jaar later, is die Nasionale Instituut vir Dowes verantwoordelik vir Volwasse meervoudig-gestremde Dowes wie nie selfstandig kan funksioneer nie en residensiële sorg en beskermde werkswinkels binne 'n terapeutiese omgee-gemeenskap ontvang. Twee tehuise vir bejaardes op Worcester en in Bellville skep 'n veilige en gemaklike omgewing vir Dowes asook liggaamlik gestremde Dowes en Doof-blinde persone. Die NID Akademie bied 'n verskeidenheid steundienste waaronder maatskaplike en terapeutiese ondersteuning aan persone met gehoorverlies. NID Kollege bied verskeie ge-akkrediteerde beroepsopleidingsprogramme vir dowe studente aan.

Tans word Dowes ook as predikante en pastore opgelei by Deaf Christian Ministry Africa by NID om die meer as 400 000 moeilik bereikbare Dowes in Suid-Afrika te bedien met die Woord.

Dit gaan in die eerste plek om Dowes te help om hulself te help om 'n sinvolle lewe te lei en sodoende 'n belastingpligtige te wees, eerder as 'n belastinglastige. www.nid.org.za

WESTRIDING LAERSKOOL NASORG

Hulle ervaar steeds 'n groot uitdaging rondom ±30 grondslagfase kinders wat vroeg uitkom en dan by die skool wag totdat hulle ouer boeties en sussies uitkom. Ons het reeds 'n paar vrywilligers wat help, maar benodig nog mense om te help toesig hou. Dit sal behels om speletjies te speel en stories te lees. As jy belangstel om op **Maandae of Donderdae** tussen **13:15 en 14:30** by so iets betrokke te raak of meer inligting wil hê, kan jy vir **Niel Steyn kontak (084 688 1080).** Jy hoef jou net tot een middag 'n week te verbind. Hoe meer vrywilligers ons egter het, hoe meer middae kan ons betrokke wees.

JUNIOR JEUG PROGRAM

27 Aug	Lessie 20
01 Sept	Vrydag Klub: NG Tableview (almal)
03 Sept	Lessie 21
10 Sept	Lessie 22
17 Sept	Foundation backbone uitreik
24 Sept	Langnaweek
29 Sept	Skole sluit
2-4 Okt	#ImagineKiz
09 Okt	Skole begin
15 Okt	Groot Groep